higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

(6030134)

25 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

DIE INSTRUKSIES EN DIE VRAESTEL MOET 30 MINUTE VOOR DIE BEGIN VAN DIE EKSAMEN AAN DIE TOESIGHOUERS EN KANDIDATE OORHANDIG WORD.

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye en 'n antwoordblad van 3 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 180

INSTRUKSIES AAN TOESIGHOUERS EN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy die vraestel beantwoord. Toesighouers sal verduidelik, indien nodig.

1. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik:

   AFDELING A: Teorie (60 punte)
   AFDELING B: Woordverwerking (60 punte)
   AFDELING C: Sigblaaie (60 punte)

   AFDELING A word op die ANTWOORDBLAD beantwoord. Ongeveer 1 uur moet aan AFDELING A bestee word.

   AFDELING B word op die rekenaar met behulp van 'n woordverwerkingsprogram gedoen. Ongeveer 1 uur moet aan AFDELING B bestee word.

   AFDELING C word op die rekenaar met behulp van 'n sigbladprogram gedoen. Ongeveer 1 uur moet aan AFDELING C bestee word.

2. Beantwoord al die vrae.

3. Lees al die vrae aandagtig deur.

4. In die geval van 'n kragonderbreking of 'n rekenaar- of drukkerweiering, moet die toesighouer die nodige reëlings tref dat die kandidate kan voortgaan en die tyd wat verlore gegaan het, moet bygevoeg word.

5. Indien daar 'n probleem met sekere drukkers bestaan, bv. dat dit nie ë druk nie, moet die toesighouer 'n verslag saam met die sentrum se DRUKSTUKKE indien.

6. 'n Kandidaat mag 'n lys ASCII-kodes by hom/haar hê. Die speltoetser mag gebruik word.

7. Elke antwoord moet slegs op EEN kant van 'n afsonderlike bladsy gedruk word. DRUKSTUKKE moet onmiddellik in die EKSAMENOMSLAG geplaas word.

Kopiereg voorbehou

8. Alle werk op die rekenaar moet met gereelde tussenposes gestoor word om te verhoed dat werk in die geval van 'n kragonderbreking verlore gaan. Geen bykomende tyd sal toegelaat word om verlore werk in te haal nie. Dit is die kandidate se verantwoordelikheid om hul antwoorde te beskerm.

9. In AFDELING B mag slegs Courier New 12 pt gebruik word. In AFDELING C mag Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt gebruik word. In AFDELING B moet die kantruimtes op 2,54 cm/1" gestel wees, behalwe waar anders aangedui word.

10. Die VRAAGNOMMER asook jou EKSAMENNOMMER moet by elke vraag ingesleutel word soos aangedui in die instruksies. Antwoorde sonder gedrukte EKSAMENNOMMERS/WATERMERK sal nie nagesien word nie.

11. Om die oorspronklike sowel as die geredigeerde weergawes van die antwoorde te druk, word kandidate daaraan herinner om die werk na elke afsonderlike afdeling te stoor voordat dit gedruk word.

12. Aan die einde van die eksamensessie moet die kandidaat die DRUKSTUKKE van die antwoorde asook 'n USB/disket met die gestoorde antwoorde (wat behoorlik met die kandidaat se EKSAMENNOMMER gemerk is) indien. Indien 'n netwerk gebruik is, moet IT-ondersteuning, onder toesig van die toesighouer, 'n rugsteunkopie van al die kandidate se werk maak. Hierdie diskette en/of rugsteundiskette moet vir veilige bewaring aan die eksamenafdeling oorhandig word. Diskette moet vir SES maande bewaar word ingeval DHOO daaroor mag navraag doen.

13. Let asseblief daarop dat geen vraestelle uit die eksamenlokaal verwyder mag word nie totdat ten minste EEN uur ná die begin van die laaste sessie verstryk het nie. Alle vraestelle moet dus ingelewer word en kan na die sessie aan die kandidate terugbesorg word.

14. In die geval dat die eksamenlokaal vir meer as een sessie gebruik word, moet toesighouers verseker dat alle antwoorde van die hardeskyf of netwerk verwyder word voordat die kandidate vir die volgende sessie in die lokaal toegelaat word.

15. Geen kandidaat mag sy/haar werk vir 'n ander kandidaat druk of sy/haar disket aan 'n ander kandidaat beskikbaar stel, of tot 'n ander kandidaat se werk toegang verkry nie. Enige poging om tot inligting van 'n ander kandidaat toegang te verkry, ongeag die manier waarop dit gedoen word, is 'n oortreding van die eksamenreëls en -regulasies en sal in 'n baie ernstige lig beskou word.

MOENIE OMBLAAI VOORDAT DIE TOESIGHOUER OPDRAG GEE OM DIT TE DOEN NIE

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: TEORIE

Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

Ongeveer 60 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

VRAAG 1 **10 minute**

Die invoer-, verwerking-, berging en afvoerproses vind ook in elektroniese toestelle plaas. Dui in elk van die volgende gevalle aan of die frase of definisie verwys na invoer, afvoer, verwerkings of berging deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD te skryf.

1.1 Die insleutel van 'n SMS op jou selfoon.

1.2 Die letters wat op jou selfoonskerm verskyn terwyl jy 'n boodskap insleutel.

1.3 Die film op 'n DVD.

1.4 Deur 'n knoppie op die afstandbeheer te druk om 'n kanaal te verander.

1.5 Die klank van die huisalarm wat afgaan.

1.6 Die liedjies op jou MP3.

1.7 Die beweging van 'n rekenaar se beheerstok terwyl 'n rekenaarspeletjie gespeel word.

1.8 Die film wat op die skerm verskyn wat van 'n DVD-speler afkomstig is.

1.9 Die 'Fout' of 'Biep'-geluid wat die rekenaar maak wanneer jy 'n fout maak.

1.10 Die kontakte op jou selfoon.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2 **10 minute**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

2.1 Facebook is 'n voorbeeld van 'n baie bekende sosiale netwerk in die wêreld.

2.2 'n Rekenaarnetwerk is 'n groep rekenaars wat 'n stel algemene kommunikasieprotokols oor digitale tussenverbindings gebruik om hulpbronne wat op netwerknodusse voorkom of verskaf word, te deel.

2.3 LAN staan vir Lae-areanetwerk.

2.4 Doeltreffende netwerkbrûe staan ook as roeteerders bekend.

2.5 Persoonlike rekenaars kan as die kwesbaarste komponent van 'n lokale-areanetwerk beskou word omdat dit gewoonlik oor swak sekerheidseienskappe beskik.

2.6 Modems vertaal data vanaf digitale vorm na 'n analoogsein.

2.7 'n Slimfoon sal sonder selfoonnetwerktegnologie werk om data te versend en te ontvang.

2.8 'n Roeteerder deel die internetverbinding met verskeie toestelle.

2.9 'n Mikrogolf is 'n hoë-frekwensiesein wat deur die lug gestuur word.

2.10 WAN koppel die rekenaars in 'n kantoor of kantoorblok met kabels.

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3 **10 minute**

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae verskaf. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.1–3.10) op die aangehegte ANTWOORDBLAD neer.

3.1 ... is die benadering wat ons gebruik wanneer ons probleme oplos deur dit in kleiner dele te verdeel, ooreenkomste te sien, abstraksies te maak en algoritmes te skep.

A Patroon
B Probleemdomein
C Algoritmes
D Berekeningsdenke

3.2 ... is sekwensies of herhalings van dinge of gebeure wat ons met mekaar kan vergelyk.

A Abstraksie
B Ontleding
C Tendense
D Patrone

3.3 'n ... is 'n versameling stappe, instruksies of reëls wat mense of rekenaars moet volg om 'n taak uit te voer, soos om berekeninge te doen of 'n probleem op te los.

A patroon
B probleemdomein
C algoritme
D berekeningsdenke

3.4 Watter een van die volgende is NIE die hoeksteen van berekeningsdenke nie?

A Patroon
B Inligting
C Probleemdomein
D Algoritmes

3.5 Die koop en verkoop van goedere oor die internet.

A E-afval
B E-indiening
C E-handel
D E-vriendelik

3.6 Watter een van die volgende is NIE 'n probleemoplossingstegniek nie?

A Tree op
B Neem kennis
C Verstaan die probleem
D Doen abstraksie en patroonherkenning

Kopiereg voorbehou

3.7 Afbreek van prosesse, komplekse probleme of stelsels in kleiner, hanteerbare dele.

A Omvang
B Data
C Abstraksie
D Ontleding

3.8 Dit is die versameling van data wat georganiseer en verwerk is sodat dit bykomende waarde het bo en behalwe die waarde van die afsonderlike feite.

A Kennis
B Inligting
C Proses
D Besluite

3.9 Die insluiting van te veel klein detail en notas in 'n mens se beplanning, of om te probeer om verskeie probleme terselfdertyd op te los.

A Werkslading
B Oorlas
C Oordoen
D Afleiding

3.10 'n ... is 'n faktor wat waarskynlik sal verander.

A Bevinding
B Voorspelling
C Veranderlike
D Waarneming

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4 **30 minute**

4.1 Definieer die term, *konnektiwiteit*. (1)

4.2 Noem VYF voorbeelde van webblaaiers. (10)

4.3 Gee DRIE nadele om goedere of dienste aanlyn te koop. (3)

4.4 Onderskei tussen *kopiereg* en *plagiaat*. (4)

4.5 Verduidelik hoe kuberkriminele werk. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: WOORDVERWERKING

Gebruik 'n woordverwerkingsprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 60 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

VRAAG 5 **25 minute**

Hierdie vraag is reeds ingesleutel en op jou datadisket gestoor. Moenie hierdie dokumente oortik of druk nie.

VRAAG 5B

Jy word versoek om die volgende te doen:

1. Herwin die dokument V5A vanaf jou datadisket.

2. Redigeer die kopskrif deur die VRAAGNOMMER na V5B te verander en jou EKSAMENNOMMER (slegs die nommer) linksbelyn in te voeg.

3. Verander die linker- en regterkantruimtes van die dokument na 2,54 cm/1".

4. Verander die linker- en regterkantruimtes van die paragraaf wat in die teks aangedui is na 5,08 cm/2".

5. Justeer die hele dokument, tensy anders aangedui word.

6. Redigeer die dokument volgens die proefleestekens wat in die teks aangedui is.

7. Stoor die dokument as V5B.

8. Maak 'n DRUKSTUK van die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingelewer word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5B (VERVOLG)

Λ Die belangrikheid van geldeenheid **bk, vetdruk, onderstreep, sentreer**

ǂ

~~amper~~
"Geldeenheid" is 'n term waarmee ~~feitlik~~ almal bekend is. **stet**
Vir ons doeleindes, dink aan 'n tyd honderde jare gelede toe handelaars materiële goedere uitgeruil het – soos graan vir vleis.

Hierdie ruilstelsel moes uiteindelik verander, siende dat organiese goedere vinnig bederf en die waarde daarvan redelik afneem vinnig. Die behoefte aan iets waardevols wat langer as kos gehou het, het gelei tot die gebruik van edelmetale (munte). Die munte het van hande verwissel totdat daar uiteindelik meer munte uitgeruil is as wat daar werklike goedere was om te verhandel. Met verloop van tyd het geld ontwikkel tot wat ons vandag "fiatvaluta" noem. [Fiatvaluta is 'n nota van die bank wat belowe om die draer van die nota te betaal; dit het geen intrinsieke waarde nie – jy kan dit nie eet of as boumateriaal vir skuiling gebruik nie. Sentrale banke en regerings kom ooreen dat dit wel iets werd is en verbruikers kan note vir goedere en dienste verruil eerder as ruilhandel – d.i. uitruil van goedere vir goedere.

trs

NP

kursief

---------- bladsybreuk ----------

Fiatvaluta vereis basies dat sentrale banke en regerings die waarde ~~– en die skuld –~~ wat aan die geld gekoppel is, reguleer, maar dit vereis ook dat verbruikers saamstem dat die geld waarde het. Die stelsels vereis vertroue in 'n gesentraliseerde bankstelsel, wat deur die regering gereguleer word, om waardetransaksies te bepaal, beheer en verifieer.

9

ǂ

LET WEL:
*** Verander SLEGS die linker- en regterkantruimtes van hierdie paragraaf na 5,08 cm/2".**
*** Verander reëlafstande van hierdie paragraaf na d/r.**

Net soos goedere verander in metale en metale vir kontantnote, bestaan fiat-geldeenheid nie in die fisiese sfeer nie, maar as syfers in 'n stel beveiligde, gesentraliseerde, elektroniese bedieners wat presies weet wie watter transaksies doen.

o/streep

ǂ

*** Kopieer die hoofopskrif van die dokument hier**

[30]

VRAAG 6 **35 minute**

1. Sleutel die volgende dokument in soos dit op die volgende bladsy verskyn.
2. Voeg 'n kopskrif in met jou EKSAMENNOMMER linksbelyn en V6 regsbelyn.
3. Die linkerkantruimte van die dokument moet 3,81 cm/1,5" wees.
4. Stoor die dokument as V6.
5. Maak 'n DRUKSTUK van die dokument en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG.
6. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingelewer word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6 (VERVOLG)

BANK VAN SUID-AFRIKA **vetdruk, kursief, sentreer**

belyn

Posbus 501
Johannesburg **bk**
0001

‡
25 Mei 2021
‡
Geagte Kliënt
‡
Bitcoin-geldeenheid **gesp hfls, vetdruk**
‡
In die afgelope paar maande het ons baie navrae oor die kriptogeldeenheid, Bitcoin, ontvang.
‡
In ons vorige ~~nuusbrief~~ ~~omsendbrief~~ het ons verduidelik wat fiatvaluta is. Kriptogeldeenhede is die logiese volgende stap in die evolusie van fiatvaluta. Kriptogeldeenhede is elektroniese valuta wat gebruik word om veilige transaksies te doen. **stet**
‡
Bitcoin is waarskynlik die bekendste kriptogeldeenheid. **kursief**
‡
Die volgende is sommige van die belangrikste voordele: **o/streep**
‡
Dit desentraliseer die eienaarskap van die data.
'n Gedesentraliseerde geldeenheid is een wat geen bank of regering kan beheer nie.
Indien 'n volk skielik in 'n noodtoestand beland, kan die regering of die sentrale bank bates bevries – wat burgers toegang tot hul geld ontneem.
‡

* **Voeg kolpunte in**
* **Laat TWEE letterspasies na kolpunte en keep in**

Vir enige verdere navrae, kontak ons by 0860 001 002 of bitcoin@bankofsa.co.za. **kursief, sentreer**
‡
Die uwe
‡
‡
M.B. Mkwevu
Direkteur **bk, vetdruk**

[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C: SIGBLAD

Gebruik 'n sigbladprogram om die volgende vrae te beantwoord. Ongeveer 60 minute moet aan hierdie afdeling bestee word.

Beantwoord al die vrae. Gebruik Courier New 12 pt, Calibri 11 pt of Arial 10 pt.

Berei die volgende sigblad voor.

VRAAG 7A **12 minute**

1. Sleutel die sigblad in soos dit hier onder verskyn.

2. Voeg 'n kopskrif in met jou EKSAMENNOMMER (slegs die nommer) linksbelyn en V7A regsbelyn.

3. Verander die kolomwydtes waar nodig om te verseker dat die sigblad op EEN A4-portretbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

4. Stoor die sigblad as V7A.

5. Maak 'n DRUKSTUK van die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingedien word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

Naam	Aantal aandele gekoop	Prys per aandeel	Bedrag verskuldig
B Bukelwe	20	55	
J Motaung	160	33	
M Maritz	30	55	
JM Peters	50	33	
MP Ralitsela	120	33	
N van Wyk	150	55	

(15)

VRAAG 7B **40 minute**

1. Herwin die sigblad wat as V7A op jou disket gestoor is.
2. Verander die VRAAGNOMMER na V7B in die kopskrif.
3. Redigeer die sigblad volgens die proefleestekens in die teks.
4. Verskaf formules vir die volgende:

   A AANTAL AANDELE GEKOOP vermenigvuldig met PRYS PER AANDEEL

   B SOM VAN ALLE BEDRAE VERSKULDIG

   C MEESTE AANDELE

   D AANTAL BELEGGERS
5. Voeg horisontale randte in soos aangedui deur die metode te gebruik wat aan jou bekend is.
6. Pas kolomwydtes aan waar nodig om te verseker dat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-Page*-opsie gebruik nie.
7. Stoor die sigblad as V7B.
8. Maak 'n DRUKSTUK van die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingedien word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7B (VERVOLG)

Λ kolom C

Ultra Beleggings **bk, kursief, onderstreep**

voeg oop ry in

Λ Belegging skedule vir Junie 2021 **vetdruk**

voeg oop ry in

Λ kolom

Naam Λ van Λ belegger	Aantal aandele gekoop	Tipe aandeel	Prys per aandeel	Bedrag verskuldig
B Bukelwe	20	Geldmark	55	**A**
J Motaung	160	Industriële fonds	33	
M Maritz	30	Geldmark	55	
JM Peters	50	Industriële fonds	33	
MP Ralitsela	120	Industriële fonds	33	
N van Wyk	150	Geldmark	55	
Λ TOTALE BEDRAG VERSKULDIG				**B**
Λ MEESTE AANDELE	**C**			
Λ AANTAL BELEGGERS		**D**		

vetdruk

links-belyn

kursief

(38)

VRAAG 7C **8 minute**

1. Herwin die dokument V7B.

2. Verander die VRAAGNOMMER na V7C in die kopskrif.

3. Vertoon die formules.

4. Pas kolomwydtes aan waar nodig om te verseker dat die hele sigblad op EEN A4-landskapbladsy inpas. Moenie die *Fit-to-page*-opsie gebruik nie.

5. Stoor die sigblad as V7C.

6. Maak 'n DRUKSTUK van die sigblad en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. Kandidate sal gepenaliseer word indien meer as EEN DRUKSTUK ingedien word. Slegs die boonste DRUKSTUK sal nagesien word.

(7)
[60]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 180

Kopiereg voorbehou

INLEIDENDE REKENAARPRAKTYK N4

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

AFDELING A: VRAAG 1

1.1 _____

1.2 _____

1.3 _____

1.4 _____

1.5 _____

1.6 _____

1.7 _____

1.8 _____

1.9 _____

1.10 _____

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 _____

2.2 _____

2.3 _____

2.4 _____

2.5 _____

2.6 _____

2.7 _____

2.9 _____

2.10 _____

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1

3.2

3.3

3.4

3.5

3.6

3.7

3.8

3.9

3.10

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

4.1

(1)

4.2

(10)

4.3

(3)

4.4 _____

_____

_____

_____ (4)

4.5 _____

_____

_____ (2)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 60

Kopiereg voorbehou